

5 Junie 2022



041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Baie welkom indien jy vanoggend 'n nuwe intrekker,
lidmaat of besoeker by Hoogland is!
Mag Hoogland u geestelike tuiste word.



God sien potensiaal
Pinksterfees @ Hoogland
5 Junie 2022 om 09:00

Ds Basie Fourie



Vraelys : Tweede leraarspos

Indien jy nog nie 'n vraelys voltooi het, neem asseblief een aan die linkerkant by die agterste- of sydeur naby die orrel. Hiermee ontvang ons jou mening oor 'n tweede leraarspos. Laat dit gerus in die kollektebord of die banke.

U kan dit ook aanlyn voltooi : <https://forms.gle/vLo4PhRdny7EwjSh7>

Program vir die dag

09:00 Oggenddiens : Ds Basie Fourie

Doop: Mia Ann van Loggerenberg - dogter van John en Lee-Ann

Millie Grace van Rooyen - dogter van Pieter en Debbie

10:00 Geloofsvormingsgroepe in onderskeie lokale

(10% van Sondag se dankoffers word gegee vir die Radio Feba)

Program vir die week

Dinsdag: 7 Junie

14:00 Vrouebybelstudie

Woensdag: 8 Junie

GEEN Bybelstudies

Vrydag: 10 Junie

05:30 Mannebediening in die Grot

Saterdag: 11 Junie

10:00 Dorings & Daisies

Met leedwese ...

...dink Hoogland aan

* Adri & die kinders met die heengaan van Sakkie van Rooyen die afgelope week. Sy gedenkdien was reeds Donderdag, 2 Junie gewees.

* Helena Saunders se kinders en familie. Haar begrafnis is Dinsdag om

Hoogland Aanlyn



079 815 9325



facebook.com/
pehoogland



#hooglandpe



PE Hoogland

Hoogland Dankoffers



Snap here to pay

SnapScan

Bankbesonderhede

NG Kerk PE Hoogland
ABSA

Rek - 1400 149 980

Takkode - 632005



Zapper

Hoogland Jubeljaar: #33

OESFEES @ HOOGLAND



Hierdie week daag Hoogland jou uit om jou geloof deur liefde tot daade te leef en iets van die opbrengs van die Oesfees voor op die liturgiese ruimte te neem en te gaan gee vir iemand.



Daar wag nog 'n paar verrassings voor die feesnaweek van 8/9 Oktober.

Binnkort is die koffiebeker beskikbaar wat goed saam met die koffie sal werk.

Hoogland koffie is steeds beskikbaar en kan aangekoop word by die kerkkantoor.



NG Gemeente Lorraine hou **AVONTUURWEEK : 4 - 8 Julie**

Inskrywings by
www.avontuurweek.co.za
Navrae : (041) 367 2284

Uit die Hart

Ek weet waarheen...

Albert Einstein het by geleentheid met die trein vanaf Princeton gery toe hy sien dat die kondukteur in die gangetjie afstap en al die passasiers se kaartjies pons. Toe die kondukteur by Einstein kom, het Einstein in sy hemp se sak gesoek. Daarna in sy broek se sakke, maar hy kon sy kaartjie nie kry nie. Hy het sy tas oopgemaak en selfs op die sitplek langs hom gekyk, maar helaas: geen kaartjie.

Die kondukteur red die situasie en sê: " Dr. Einstein, ek weer wie u is. Ons almal weet wie u is. Ek is seker dat u 'n kaartjie gekoop het, moenie verder daaroor bekommerd wees nie." Einstein het dankbaar sy kop geknik. Die kondukteur het verder in die gangetjie af beweeg om kaartjies te pons toe hy omkyk en vir Einstein op sy hande en voete op die grond sien, besig om verder na die kaartjie te soek. Hy hardloop terug en verseker weer vir Dr. Einstein dat alles in orde is omdat hy, die kondukteur, weet wie Einstein is. Dit is toe dat Einstein na hom kyk: " Jongman, ek weet ook wie ek is. Wat ek nie weet nie, is waarheen ek op pad is."

Sondag is Pinkstersondag: die dag wat ons vier dat Heilige Gees gestuur is om by ons te wees. Heilige Gees is ons *parakleet*: die Een wat langs ons staan en ons ondersteun. Heilige Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is (Rom. 8:16) - ons weet soos Einstein wie ons is. Heilige Gees leer en herinner ons ook aan alles wat Jesus gesê het... En Jesus het gesê dat Hy gaan om vir ons plek gereed te maak in die huis van sy Vader (Joh. 14:1-2) - ek weet ook waarheen ek op pad is.

As jy nie weet nie, beter jy begin soek. Daar is egter nie 'n ander plek om dit te vind as dat God se Gees dit aan jou bevestig nie. Dit gaan rigting, doel, sinvolheid en opregte vreugde bring. Billy Graham het in een van sy laaste toesprake gesê:

"Life without God is like an unsharpened pencil - it has no point"